

Woensdag 27 Mei

Skrifgedeelte: Lukas 23:44-56

Fokusgedeelte: Lukas 23:44-49

In die veilige hande van my Vader!

Christus se uitroep aan die kruis: “*Vader, in u hande gee ek my gees oor*”, sê vir ons dat Hy nie op passiewe wyse gesterf het uit kragteloosheid nie, maar dat sy sterwe in die volle sin van die woord ’n aktiewe daad van Homself was. Die dood het nie die laaste asem uit Hom uitgepers nie, maar Hy het dit uit eie wil self uitgeblaas. Of om dit anders te stel: Hy is nie passief die dood ingeruk nie, maar het as ’n kragtige oorwinnaar die vesting van die dood ingestap om die dood in sy eie woning te oorweldig.

Ons sien in hierdie gebed die bevestiging van Christus se eie woorde toe Hy in die gelykenis van die goeie herder gesê het: “*Niemand neem my lewe van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem*” (Joh. 10:18). Omdat Jesus gedoen het wat Hy tot op daardie stadium moes doen, mag Hy sy gees nou in die hande van sy Vader toevertrou. Jesus het vir geen oomblik getwyfel nie, aangesien Hy geweet het dat daar geen beter hande is om sy gees in oor te gee nie. Hy het volle vertroue in sy Vader gehad.

Met sy lewe het Jesus ons gewys hoe om te lewe. Nou wys Hy ons hoe om te sterwe: “*In u hande ...*” Een ding in hierdie lewe is seker en dit is dat ons moet sterf. Wat anderkant die dood lê, bly onseker ... tog weet ons nou dat vir ons ’n deurgang na die lewe saam met God is. Is daar vir ons ’n groter troos as om te mag weet ek is in die veilige hande van my Vader?

Sing: Skrifberyming 5-1:6, 7

Dr. D Saaiman (De Wet) (Krugersdorp)